

# Prikkel ooie vir meer lammers

deur Jan Louis Venter

**Daar word al vir meer as 100 jaar navorsing oor die effek van prikkelvoeding op die reproduksie van ooie gedoen. Die resultate van hierdie navorsing wissel egter. Die vraag ontstaan dus of prikkelvoeding by ooie die moeite werd is.**

Volgens navorsing deur dr Jasper Coetzee lê die antwoord in watter ooie die prikkelvoer ontvang. Hy het die proefooie vir sy navorsing in drie groepe verdeel.

Groep 1 was ooie wat self ŉ enkeling by geboorte was, groep 2 het bestaan uit ooie wat self een van ŉ tweeling by geboorte was en groep 3 was ooie wat in die vorige seisoen meerlinge gelam het. Elke groep is in twee verdeel.

Die een subgroep het geen prikkelvoeding ontvang nie, terwyl die ander subgroep spesiale prikkelkorrels teen 300 g/ooi/dag vanaf drie weke voor paring vir ses weke gevoer is.

Dit is weer tyd vir skaapboere om te dink aan prikkelvoeding vir ooie wat gedurende November by die ramme kom.



Die prikkelkorrels het uit hoë vlakke deurvloeiproteïen en sogenaamde rumenaktiveerders bestaan. Die saamgestelde resultate van die studie word in Tabel 1 aangedui.

Uit hierdie navorsing is dit duidelik dat hoogs vrugbare ooie meer responsief is en die beste op prikkelvoeding reageer. Die gelykbreekpunt in terme van die koste van die prikkelvoerkorrels was ses ekstra lammers per 100 ooie.

## Die nuutste aanbevelings

- Dit is algemeen bekend dat ooie wat met paring in massa toeneem, meer geneig is om tweelinge te produseer as dié wat massa handhaaf of verloor. Ooie moet in ŉ goeie kondisie (3,5 kondisiepunt) met die aanvang van die paarseisoen wees. Die beste resultate word verkry deur die ooie twee maande voor die paarseisoen in spaarkampe te plaas en daarna prikkelvoer te gee.

## Wisselende navorsingsresultate

1. Clarke kon in 1934 ŉ verhoging in ovulasietempo van 0,4 ovulasies per ooi met die toediening van prikkelvoeding bewerkstellig. Die jaar daarna is ŉ verlaging in 0,2 ovulasies met dieselfde prikkelvoeding gekry.

2. Ander navorsers het later minder wisselende resultate gekry en ŉ verhoging van 0,3 tot 0,5 ovulasies per ooi teweeggebring, terwyl ander geen respons op prikkelvoeding gevind het nie.

3. As die navorsing van 50 prikkelvoedingproewe in Australië (22 800 ooie) gekombineer word, het die gemiddelde respons op lampersentasie tussen -14% en +21% gewissel. Soortgelyke resultate is deur Hendrik van Pletzen in Suid-Afrika bevind waar die respons tussen -17% en +15% gewissel het.

**Tabel 1: Effek van prikkelvoeding op die lampersentasie van 2 250 Merino-ooie.**

| | Proefgroepe | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ooie self as enkelinge gebore | | Ooie self as tweeling gebore | | Ooie wat vorige seisoen meerlinge gelam het | |
| | Geen prikkelvoeding | Prikkel-voeding | Geen prikkelvoeding | Prikkel-voeding | Geen prikkelvoeding | Prikkel-voeding |
| Lampersentasie | 102% | 109% | 101% | 111% | 123% | 149% |
| Respons | 7 lammers ekstra per 100 ooie gepaar | | 10 lammers ekstra per 100 ooie gepaar | | 26 lammers ekstra per 100 ooie gepaar | |

(BLAAI OM)

- Ooie wat kunsmatig met sponse of CIDR's gesinchroniseer word, moet vir drie weke prikkelvoer kry vanaf 14 dae voor hulle ge-KI of gepaar word.
- Ooie wat met koggelramme gesinchroniseer word, moet vanaf 14 dae voor die ramme bykom, vir vier weke prikkelvoeding ontvang.
- Ooie wat nie gesinchroniseer word nie, moet vir ses weke prikkelvoeding ontvang vanaf 14 dae voor die ramme bykom.



## Prikkelfeite

- Volgens 'n Australiese navorser hou voeding die sleutel tot 'n hoë lampersentasie. Met ander woorde meer kos beteken meer lammers.
- Die doel van prikkelvoeding by skape is om optimum ovulasietempo in ooie te bewerkstellig wat dan tot 'n hoër lampersentasie (hoër persentasie meerlinge) behoort te lei.
- Prikkelvoeding is nie daar om bestaande probleme reg te stel nie. Ooie in 'n swak kondisie (< 2 kondisietelling), of oorvet ooie (> 3,5 kondisietelling) sal nie by prikkelvoeding baat nie.
- Die doel van prikkelvoeding is om meerlinggeboortes eerder as die besetting van 'n kudde te verhoog.
- Ooie wat die vorige lamseisoen tweelinge gelam het, gee die grootste respons met prikkelvoeding omdat hulle 'n hoë genetiese ovulasietempo-potensiaal het.
- Om die beste respons met prikkellekke te kry moet die regte prikkellek vir elke spesifieke weiding gekies word.
- Prikkelvoeding is gewoonlik 'n beter voer of rantsoen wat addisioneel aan die ooie gevoer word.



Navorsing het bevestig dat ooie wat gereeld meerlinge lam 'n baie groter respons met prikkelvoeding gee as ooie wat enkelinge lam of gereeld oorslaan.

Die skrywer bedank dr Jasper Coetzee vir sy bydrae tot die skryf van hierdie artikel. Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA) wat deur die Woltrust befonds word.Vir meer inligting, e-pos Jan Louis Venter, NWKV-produksie-adviseur in Bloemfontein by jlventer@intekom.co.za.